

Maandag

Geloofsgehoorsaamheid 15 Mat. 5: 14 – 16; 2 Kor. 11: 1-5; 11: 16 – 29; 13: 3 – 4. Direkte Afrikaanse Vertaling. Teks: 2 Kor. 13: 4 b: So is ons ook swak in Hom, maar teenoor julle sal ons saam met Hom leef uit die krag van God. Tema: "Ons getuig deur oor Christus te praat en met ons lewe te wys ons leef met Hom." Getuienis gaan oor twee liefdes: die Here se liefde vir ons en ons liefde vir die Here. Ons getuig verskillend oor die Here se liefde vir ons en ons liefde vir die Here. Oor die Here se liefde vir ons getuig ons deur ons openbare geloofsbelydenis, maar oor ons liefde vir die Here getuig ons deur die goeie daade wat in ons lewe wys. (Mat. 5: 16) Getuienis gaan oor wat gesê word én wat gedoen word, nie net óf wat ons sê óf wat ons doen nie. Oor die Here se liefde vir ons praat ons (ons woorde) en ons wys ons liefde vir die Here deur die goeie daade wat ons doen. Christelike getuienis gaan oor ons openbare geloofsbelydenis met woorde uit ons hart oor wie Jesus Christus vir ons is én oor hoe ons daade wys hoe ons saam met Hom leef. Dit is die getuienis wat ons daade wys – ons leef saam met die Here. Paulus maak 'n kort en kragtige geloofsbelydenis oor die Here se liefde vir ons en ons liefde vir Hom in 2 Korintiërs 13: 4 b: "So is ons swak in Hom, en leef ons saam met Christus uit die krag van God." Hierdie geloofsbelydenis oor ons vereniging met Christus stel Paulus in Fil. 3: 12 as Syne is myne en myne is Syne. Hierdie teenstelling is die verrassend. Ons sou verwag het dat die teenstelling moes wees tussen swak en kragdadig, maar dit is nie. Die teenstelling is tussen die SWAK Christus aan die kruis en die LEWENDE Christus as mens in die hemel - nie 'n kragdadige Christus nie! (2 Kor. 13:4) Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Geloofsgehoorsaamheid 15 Mat. 5: 14 – 16; 2 Kor. 11: 1-5; 11: 16 – 29; 13: 3 – 4. Direkte Afrikaanse Vertaling. Teks: 2 Kor. 13: 4 b: So is ons ook swak in Hom, maar teenoor julle sal ons saam met Hom leef uit die krag van God. Tema: "Ons getuig deur oor Christus te praat en met ons lewe te wys ons leef met Hom." Die swak Christus is die woordelose aangeklaagde Christus voor Pontius Pilatus. Swak omdat Hy Homself nie verdedig nie. Die swak Christus is die weerlose Christus aan die kruis terwyl Hy met al sy wonderdade gewys het Hy is God. Die swak Christus is die Christus wat Homself aan die dood oorgee en nie vir sy lewe veg nie. Hierdie swak Christus is egter nie 'n pateet of 'n hulpelose slagoffer nie, want deur God, die Vader en sy eie krag as God, die Seun, het Hy uit die dood opgestaan om vandag nog steeds as mens in die hemel te leef. Daarom stel Paulus dat die Christus wat swak aan die kruis was, vandag leef uit die krag van God. Die geloofsbelydenis, "Syne is myne en myne is Syne, beteken dat ons in Christus swak is waar Hy die swakke aan die kruis was, maar nou saam met Hom die lewe leef wat Hy in sy krag as Skepper in ons skep. In ons vereniging met Christus in sy menswees, aan die regte kruis (waaraan Hy regtig gehang het), wás ons swak sondaars: voor God aangeklaagde, veroordeelde, vervloekte, gestrafte en verwerpte sondaars! Vandag (nou!) egter is ons nie meer swak sondaars nie want ons leef saam met Hom die lewe wat Hy in ons skep. Die geloofsbelydenis "Syne is myne en myne is Syne" beteken dat ek bely

dat God, met sy skeppingskrag, my só insluit en verenig met die lewe wat Christus VANDAG AS MENS in die hemel leef, dat alles wie die Here vandag as mens is, ek deel en dit saam met Hom leef. Dit is ons getuienis wanneer ons oor Christus praat. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Geloofsgehoorsaamheid 15 Mat. 5: 14 – 16; 2 Kor.11: 1-5; 11: 16 – 29; 13: 3 – 4. Direkte Afrikaanse Vertaling. Teks: 2 Kor. 13: 4 b: So is ons ook swak in Hom, maar teenoor julle sal ons saam met Hom leef uit die krag van God. Tema: "Ons getuig deur oor Christus te praat en met ons lewe te wys ons leef met Hom." Om van wat jy vir Christus doen met bekerings, goeie daade, gebede en sondebelydenisse, 'n openbare geloofsbelydenis te maak, is afgodsdien. Paulus noem sulke praatjies in 2 Kor. 11 en 12 "dwaasheid". Dwaasheid is nie sommer net dommigheid nie. Dit is afgodsdien. In 2 Kor.12 – 13 wys Paulus dat ander predikante, Jode uit Jerusalem, besig was om hierdie dwase openbare geloofsbelydenis af te lê, en gelowiges só te wou leer. Paulus noem hulle openbare geloofsbelydenis "roem", dit is om te spog, en sê met hulle tipe geloofsbelydenis is hulle met 'n ánder Jesus en ánder gees besig as die Here Jesus en die Heilige Gees (2 Kor. 11:4). Hy wys dan in 2 Korintiërs 11: 16 – 12:4 SARKASTIES dat hy net soveel geestelike nonsens soos hulle kan praat en wys daarop dat sy volgende vertelling 'n valse getuienis is: "Wat ek nou gaan sê, sê ek nie soos die Here dit sou doen nie, maar soos 'n dwaas, in vertroue op my EIE roem." (2 Kor.11:17) Só klink sy dwase openbare geloofsbelydenis:

- * "Ek is net so geestelik vroom en opreg soos ware opregte Jode! (Hebreërs);
- * Ek is net so geestelik toegewyd aan God soos toegewyde Jode (Israeliete);
- * Ek is net so deel van God se volk soos al die ander kinders van Abraham;

Maar, dán sê Paulus verder... ek is 'n BETER dienaar van Jesus, het HARDER gewerk, MEER gely en het MEER gesigte en visioene van Jesus ontvang as al die ander predikers. Wat hy oor homself sê is waar, maar om sy goeie daade vir Jesus as GETUIENIS voor te hou, is dwaás. Want Christene praat nie oor wat hulle vir die Here doen nie. Hulle goeie daade wys nie in praatjies nie, maar in die lewe wat hulle met die Here leef. Goeie daade word in gelowiges gesien, nie gehoor nie! (Mat.5: 16) Preek beskikbaar Google by ngkerklevubu.co.za ds Petrus

Donderdag

Geloofsgehoorsaamheid 15 Mat. 5: 14 – 16; 2 Kor.11: 1-5; 11: 16 – 29; 13: 3 – 4. Direkte Afrikaanse Vertaling. Teks: 2 Kor. 13: 4 b: So is ons ook swak in Hom, maar teenoor julle sal ons saam met Hom leef uit die krag van God. Tema: "Ons getuig deur oor Christus te praat en met ons lewe te wys ons leef met Hom." Hoe wys goeie werke in Christene se lewe só dat God vir hierdie werke verheerlik word? (Mat.5:16) Só: Wanneer hulle sukkel met die nuwe manier waarop Christus die wet in hul lewe laat werk! Die swak en lewende Christus maak dat waar jy onderneem om volgens God se gebooie te leef, jy

- * nooit vir God 'n swak sondaar is nie.

- * nooit voor God skuldig, aangekla, bestraf of verwerp in jou onderneming om God

se gebooie te gehoorsaam staan nie...

al maak jy baie foute, oortredings en is jy nie suksesvol in jou onderneming nie! Daardie swak sondaar wás jy in Christus aan die kruis gewees. Christus laat in jou onderneming om God se wet te onderhou, jou onsuksesvolle pogings vir God volkome, reg, goed en heilig wees!

Ons kinders praat onder mekaar van regte wiskunde en “wioletjie-wiskunde.” Regte wiskunde is moeilik, maar dit ontsluit die regte lewe met regte werksgeleenthede oop. “Wioletjie-wiskunde” is somer net ’n bietjie basiese wiskunde wat geen werksgeleenthede ontsluit nie. Daarom wil kinders eerder sukkel met regte wiskunde as om met “wioletjie-wiskunde” suksesvol te wees. Gelowiges wil eerder met God se regte wet sukkel (Mat. 5:17 – 48) as om met “wioletjie-wette” van God besig te wees, wette om soos God te lyk, wat niks met die goeie werke van die Tien Gebooie te doen het nie. Gelowiges wat besig is om met God se regte wette te sukkel, se lewe wys hulle wil met regte liefde besig wees omdat hulle deel van hul Vader se regte liefde is. Hulle lewe wys hulle is nie met “wioletjie-liefde” besig waar jy maar net soos Jesus moet lyk nie. Hulle doen goeie dade. Só verheerlik hulle hul Vader. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Geloofsgehoorsaamheid 15 Mat. 5: 14 – 16; 2 Kor. 11: 1-5; 11: 16 – 29; 13: 3 – 4.

Direkte Afrikaanse Vertaling. Teks: 2 Kor. 13: 4 b: So is ons ook swak in Hom, maar teenoor julle sal ons saam met Hom leef uit die krag van God. Tema: "Ons getuig deur oor Christus te praat en met ons lewe te wys ons leef met Hom." Die geestelike predikante, priesters en pastore van vandag verdraai die Christelike getuigenis sodat hulle praat oor wat hulle moet wys en wys waaroor hul moes praat. Dit klink dan só: Jy moet praat van jou nuwe opwindende bekerings, jou suksesvolle, winsgewende vroomheid, jou wêreldveranderende en magtige innighede met God. Wat jy kamstig nou met jou goeie dade moet wys, is God se goddelikheid, op so ’n wyse dat ander mense God se goddelikheid binne in jou moet kan ervaar en deel van kan word.

Hierdie verwronge getuigenis, is vandag geestelikes se nuwe toets vir ware Christenskap. Hulle eis dat jy nou as getuie jouself as mens ’n swakkeling en ’n pateet voor God moet maak, wat met God worstel as ’n aangeklaagde, veroordeelde, vervloekte, bestrafte en verwerpte mens, op so wyse dat jy jouself oorgee aan die mag van God en nie meer jouself wil wees nie. Jy moet dan glo hoe swakker jy jouself maak en hoe meer pateties jy in jouself as mens is, hoe kragtiger kan God Homself deur jou wees. God kan kamstig net God wees as jy teenoor God jouself swak en pateties maak. Anders kan Hy Homself as God nie laat geld nie. Dit is die nuwe geestelike eis aan die Afrikaanse gemeenskap: staan terug en gee al jou geleenthede, regte, taal en besittings prys, wees ’n swak Afrikaner sodat God die nuwe nasie van God kan sterk maak! Hulle nuwe sogenaamde getuigenis is niks anders as wat die Bybel dwaasheid noem nie: hulle praat oor wat in hul lewe moes wys, hul goeie dade, en wys waaroor hulle moes praat, Jesus Christus se goddelikheid. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus